05 Mei

Uitgawe 2010/05/05

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. (**Ps.91:9-11**). Elkeen van ons bevind onsself in situasies wat ons teister op een of ander stadium. Soms kan 'n mens selfs voel dat die slegte nuus net geen einde het nie. Elke keer wanneer ons op die slegte nuus fokus, het dit net 'n sterker invloed op ons gedagtes, emosies, ens. God het vir ons beloftes gegee om aan vas te hou wanneer ons in 'n moeilike situasie is. Dit is belangrik dat ons op God se Woord fokus in moeilike tye. ***Hemelse Vader, dankie dat U naby is aan elkeen wat gebroke is. U is die Een wat na ons uitreik wanneer die vyande te sterk is vir my. By U sal ek skuil.***

Deurbraak : Herlewing word gelei deur vier-jariges

Stel jou voor, 'n skool waar kinders meer gretig is om God te aanbid as om op die speelgrond te baljaar. Die herlewing word gelei deur vier-jariges wat om 4vm. opstaan om te bid en God te ontmoet. Die land produseer 'n groter oes, en nuwe spesies van vis word ontdek. Dit is nie 'n fantasie storie nie, maar dit is die werklikheid van wat God doen in Omkoi Provinsie in Noord-Thailand. Die getuienis van God se werk van transformasie in Omkoi is 'n storie van deursettingsvermoë, opoffering en toegewyde leierskap. (Webruimte: http://www.openheaven.com/forums/forum_posts.asp?TID=31890&PN=1, 11/04/10). ***Prys die Here vir die dade wat Hy verrig in hierdie gemeenskap. Bid dat elkeen wat hierdie getuienis lees ook aangespoor sal word om vir hul eie gemeenskap/land te bid. Bid dat elke kind geestelik sal groei en dat geen van die vyand se planne teen hulle suksesvol sal wees nie.***

Bid vir jou gemeenskap : Lirieke lei kinders op dwaalspoor

Seksueel eksplisiete lirieke van liedjies moedig weerlose dogters aan om met seks te eksperimenteer, volgens 'n sielkundige. Een van die gevare van die eksplisiete lirieke is dat kinders aanneem dat hierdie sosiale gedrag aanvaarbaar is; veral as dogters luister na lirieke wat deur ander dames gesing word. (Webruimte: http://www.christian.org.uk/news/sexual-lyrics-lead-young-girls-astray/, 26/04/10). ***Bid dat musiek kustenaars meer bewus sal word van die invloed wat hulle op hul aanhangers het, veral die jeug. Bid dat God in die musiek kunstenaars se harte sal werk om positiewe boodskap uit te stuur deur hul musiek en vertonings. Bid ook dat ouers hul kinders sal lei om goeie keuses in musiek ens. te maak.***

Suid-Afrika : Heart Cry

Heart Cry Suid-Afrika, met vername sprekers, verskillende bedieninge en bywoners van regoor die wêreld kom bymekaar vir die samekomste wat gaan plaasvind van 2-26 Mei 2010. Dit is ook die 150ste herdenking van die herlewing wat in 1860 in die Wes-Kaap uitgebreek het onder leiding van Dr Andrew Murray. Die HERLEWING KONFERENSIES sal plaasvind in Worcester 6-8 Mei en in Pretoria 14-15 Mei 2010. (Webruimte: http://heartcrysa.com/, 03/05/10). ***Bid asseblief vir elke spreker dat hul slegs die Woord van God sal spreek en dat die Woord van God elke hart sal oopsluit om weer God se aangesig te soek. Bid dat God sal ag gee op die roepstem van Sy mense en dat Hy ons spoedig sal antwoord.***

Internasionaal : Global Day of Prayer

23 Mei – *Wêrelddag van Gebed (GDOP)*:Die 10de lofprysingsfees van die *Wêrelddag van Gebed* – op die plek waar dit 10 jaar gelede begin het! Dit sal ook dien as die sluitingsfunksie vir die *Wêrelddag van Gebed 2010* Konferensie (19-22 Mei) in die Kaapstad Internasionale Konferensiesentrum (CTICC - Cape Town International Convention Centre). Vir meer inligting oor kaartjies, kontak Computicket of tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. (Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com). ***Bid vir elke werker by die kantore van GDOP. Bid vir alle lande wat nog nie geregistreer het om aan die inisiatief deel te neem nie – bid dat God iemand se hart sal roer om gebed te mobiliseer in elke land.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com